KSA Tygerbergstreek het die naweek van 24 – 26 Augustus 18 hulle AJV gehad by Bergrivier Karavaanpark. Die naweek was maar 'n natterige / winderige storie, maar dit het niemand se gees gedemp nie, almal is net te bly oor die wonderlike reëns wat ons tans in die Wes Kaap ontvang.
Die lede het so een vir een opgedaag Vrydag, seker gemaak dat als staande is voor die volgende bui reën, daarna is daar net gesit en ontspan met so paar "lemonadetjies"

Vrydagaand het aangebreek, so ook die koue, weereens het dit niemand bang gemaak nie. Die vure is aangesteek, manne het bymekaar gekom en bespiegel of die Bokke genoeg skietgoed vir die Pumas in Argentinia het, party lede het net rustig by hulle woonwa gesit en kuier.

En so breek Tygerbergstreek se 36ste AJV aan.

Ons Provinsiale Raadslid, Arno Botes het ook so paar interesanthede met ons lede gedeel.

Tygerbergstreek ondersteun jaarliks twee liefdadigheids instansies, hulle is Friends Day Care en die Bybelgenootskap, hier oorhandig Hester Fourie 'n tjek aan Johan Opperman van Friends.

En so is daar ook 'n paar mylpale behaal, Pieter Strümpher en Deon Oosthuizen het beide 'n ""Fullhouse"" ontvang, dit is 'n mylpaal wat jy ontvang as jy al die saamtrekke wat jou streek aanbied in 'n jaar bywoon, Elizabeth Botes, KSA Provinsiaal se Sekretaresse het dit oorhandig.

Dan is daar nog die “”stirrer van die jaar””, dit is gewen deur Pieter Strümpher, hier oorhandig laasjaar se wenner Peter Johansen dit oor aan Pieter.

So kom AJV op ‘n einde, en so lyk die nuwe komitee vir 2018 / 19 jaar.

Van links na regs is dit Deon Oosthuizen – Voorsitter, Peter Johansen – Onder Voorsitter, Pieter Strümpher – Hoof Saamtrekbeampte, Hester Fourie – Tesourier, Carla Ball – Sekretaresse en Andries Beukes – Smous.

Nou ja al wat nog oorbly is Saterdagaand se Spitbraai en 60's dans party.
Ons het 2 skape op die spit gehad met lekker aartapels, uie garlic brood en verskeie groente.

En so het Sondag aangebreek, na Chairmans het die lede begin oppak om huis toe te gaan na nog 'n suksesvolle nat AJV naweek.

Tygerbergstreek verwelkom altyd gaste wat graag wil deel vorm van 'n karavaanklub, ons het georganiseerde saamtrekke by verskillende parke in die Wes Kaap, indien u sou belangstel om saam met ons te gaan kamp is jy welkom om Deon Oosthuizen te kontak per epos by voorsitter@ksatygerberg.co.za
Hier volg ons kamplys vir 2019.

2019 KAMPE	KAMP	DATUM
YZERFONTEIN (Done)	Nasionaal	25 - 27 Januarie
OU SKIP (Done)	Streek	22 - 24 Februarie
NATURE'S VIEW (Done)	Nasionaal	15 - 17 Maart
MOUNTAIN BREEZE (Done)	Streek	26- 28 April
KLIPKRANS (Done)	Nasionaal	24 - 26 Mei
DWARSBERG (Done)	Streek	21 - 23 Junie
DIE WATERGAT (Done)	Nasionaal	19 - 21 Julie
BERGRIVIER (Done)	Streek	23 - 25 Augustus
MYSTERY- KAMP (Done)	Nasionaal	20 - 24 September
PROVINSIAAL	Nasionaal	01- 02 November
De HOLLANDSCHE MOLEN	Streek	29 Nov - 01 Des